

SARS DOEANE ONDERSKEP RENOSTERHORINGS TER WAARDE VAN MEER AS R23 MILJOEN

Pretoria, 10 Januarie 2019 - Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het gister 'n besending renosterhorings by die OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) onderskep ter waarde van meer as R23 miljoen.

Die 36 stukke renosterhorings is gevind nadat "Lizzy", 'n snuffelhond, positief gereageer het op 'n besending van sogenaamde 'dekoratiewe items' in 'n pakhuis. Doeane-beamptes het vervolgens agt bokse oopgesny wat met borrelplastiek saamgebind was. Die horings, wat vir Dubai bestem was, was onder gesnyde gelamineerde houtvelle in vier van die bokse gevind wat andersins met deurmatte en dekoratiewe items gevul was.

Die totale gewig van die horings was 116 kg, met 'n geskatte waarde van R23 200 000. Die straatwaarde van hierdie horings word as veel hoër aangeneem.

Die inspeksie by die pakhuis het deel uitgemaak van 'n inisiatief om wetstoepassingsaktiwiteite op vrag vir uitwaartse vlugte te verskerp, na gevolg van onlangse berigte dat renosterhoring, afkomstig van Suid-Afrika, in die Verre Ooste nagespeur is. Hierdie inisiatief duur voort.

Dit is onder die aandag van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPS) en die Direkoraat vir Prioriteit Misdaadondersoek (Valke) gebring en 'n saak van misdaad is by SAPS en die DPCI (Valke) geregistreer vir verdere ondersoek.

